



VERBINTENIS TOT VOLHOUBARE VENNOOTSKAP +
EERSTEKLAS AGENTE = **BOERDERYSUKSES**

Een van die hoekstene van Laeveld Agrochem se sukses is vennootskap. Vir ons is dit meer as net 'n mooi woord. Vennootskap is 'n aksie wat ons deur dik en dun toepas; 'n belofte wat ons nakom – van die eerste foonoproep tot die laaste besoek.

Die skakel tussen jou en ons verbintenis tot vennootskap is ons uithaler-agente.

Op soek na 'n agent:

- wat 24/7 gereed staan om die pad saam met jou te loop, wat sonder skroom in sy motor klim om jou te help met raad en daad, in ruil vir 'n koppie boeretroos?
- wat toegerus is met die jongste kennis en die mees gevorderde tegnologie rakende Laeveld Agrochem se dienste, produkte en presisieboerderymetodes?
- wie se topprioriteit jou boerderysukses is?

JY HET HOM GEKRY!

Philip Holtzhuizen Jnr

Parys, Vredefort-area

Philip Holtzhuizen het in Parys in die Vrystaat grootgeword. Hy het by Hoërskool Parys skoolgegaan, waar hy vakansies saam met sy pa rondgery het en eerstehandse ondervinding opgedoen het. Philip se pa werk alreeds 31 jaar in landbouchemie. Hy was dus van kleins af gewoond aan plase en landerye.

Hy het tydens sy hoërskooljare skyfskiet by die skool gedoen en is gevra om deel te wees van die Suid-Afrikaanse span wat na Duitsland sou gaan, maar hy moes die geleentheid van die hand wys om op sy matriekeksamen te fokus.

Hy het Menslike Beweging en Fisiologie by Potchefstroom Universiteit gestudeer en gedurende die somervakansies sy pa gehelp om chemikalieë op plase te versprei. Hy het toe reeds agtergekom dat sy belangstelling eintlik meer op landbou as op die menslike liggaam gerig is. Nadat hy sy graad behaal het, het Philip besluit om meer betrokke te raak by landbouchemie omdat dit vir hom 'n passie geword net. Hy speel in sy vrye tyd graag kitaar en spandeer tyd saam met sy vriende.

Philip verkies om te verstaan hoe iets werk indien hy daarby betrokke gaan wees en wil dinge graag van die begin af reg doen. Hy werk in en om Parys, Vredefort, Koppies en Sasolburg. Hy spesialiseer in sojabone, mielies, graansorghum, sonneblomme en katoen.

Philip wil nie net 'n landbouchemiese verteenwoordiger vir die boere wees nie, maar ook 'n "tool". Hy glo kennis is mag. *"Ek gaan aan my kliënte aanbiedings oor plantvoeding en oesbeskerming gee," sê hy.*

GEWASSE: Koring, kanola, hawer, gars, lupiene en groente gewasse (almal)
AANBIEDING: Oesbeskerming, plaagbeheer, plantvoeding, presisie dienste

Vir professionele advies kontak gerus vir Philip Tel: 079 952 9079 E-pos: philiph@laeveld.co.za